



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP**

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepepenseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepepenseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat gepepenseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepepenseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE of WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Net die rede/motivering/aanhaling/bewys word bepunt.
4. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
5. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
6. Aanvaar dialektiese variasies.
7. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

AFDELING A**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**[Verwerk uit *Kuier*, 14 September 2023]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	Eersterivier	1
1.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • hospitaal • (Schoor) hospitaal • (Groote Schoor) hospitaal (Enige EEN) 	1
1.1.3	oefen	1
1.2	diabetes	1
1.3	arm	1
1.4	<p>"jarelange vriend"</p> <p>(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE.)</p> <p>(Waar kandidate 'n paar woorde aanhaal, sien slegs die eerste TWEE woorde na.)</p>	1
1.5	(Aan) rugby	1
1.6	<ul style="list-style-type: none"> • Roydon en Thando werk saam as afigters by die <i>bootcamps</i>. • Hulle besit saam 'n gimnasium/<i>gym</i>. • Thando het vir Roydon die idee gegee. • Hulle werk saam aan die idee. • Hulle werk saam om geld te verdien. • Hulle het vriende gebly na skool./Hulle het vriende gebly al werk hulle saam. • Hulle ken mekaar goed. • Roydon en Thando dink dieselfde oor dinge/is altwee aktief/leef albei gesond. • Hulle het saam rugby gespeel. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Indien die kandidaat die antwoord in kolpunte gee, ignoreer kolpunte en sien die eerste TWEE korrekte antwoorde na.) (Indien die kandidaat die antwoord in sinne skryf, lees ons tot aan die einde en gee punte vir die korrekte antwoorde.) 	2
1.7	(By 'n) skool	1
1.8	<p>"Nogtans het sy altyd planne gemaak sodat daar geld was om vir Roydon en sy sussie te gee wat hulle nodig het."</p> <p>(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)</p> <p>(Aanvaar ook indien sussie in die antwoord is)</p>	1
1.9	<ul style="list-style-type: none"> • "toe hy jonk was" • "baie aktief en gesond" <p>(Enige EEN)</p> <p>(Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)</p> <p>(Waar die kandidaat 'n paar woorde aanhaal, sien slegs die eerste VIER woorde na)</p>	1

1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> Roydon se ma was vir hom 'n rolmodel, want sy het hom geleer om ... <ul style="list-style-type: none"> te help waar hy kan. nie geld vir hulp te verwag nie. nie alles vir geld te doen nie. hard te werk. planne te maak. Sy is/was 'n harde werker. Sy is/was 'n planmaker/het planne gemaak as daar nie geld was nie/het gesorg dat hulle alles kry wat hulle nodig het/het mooi na Roydon en sy sussie gekyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.10.2	<p>Roydon se pa het hom gemotiveer om ...</p> <ul style="list-style-type: none"> self fiks en gesond te wees. ander te help om ook fiks en gesond te wees. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.11.1	D/... se idee dien 'n goeie doel in die lewens van baie mense.	1
1.11.2	E/... hou aan en kry moeilike dinge reg.	1
1.11.3	B/... kry die kans om weg te kom van dinge af wat nie reg is nie.	1
1.11.4	A/... het geleer om begrip te hê vir Roydon se goeie werk in die gemeenskap.	1
1.12.1	<ul style="list-style-type: none"> Vriende wat saam met hom partytjie hou/wat hy net by partytjies raakloop. Vriende wat saam met hom drink/dronk word. Vriende wat nie saam met hom oefen nie/wat nie ander mense wil help nie. Vriende wat nie goed is nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.12.2	<ul style="list-style-type: none"> Die regte vriende is nog in sy lewe. Die partytjie-vriende was nooit regte vriende gewees nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.13	<ul style="list-style-type: none"> Baie mense betaal nie vir die <i>bootcamps</i> nie, maar hy hou aan om hulle te help, (want hy wil sy passie uitleef.) (Ten spyte van probleme en terugslae,) hou hy aan met sy <i>bootcamps</i>/leef hy sy passie uit. Hy motiveer mense om aan te hou oefen. Roydon het begin met die R10 gym tot hy nou sy eie gym het. Aan die begin was dit moeilik om met die <i>bootcamps</i> te begin, maar Roydon het aangehou. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Die antwoord moet aanduiding gee dat Roydon aangehou het met die werk wat hy doen.)</p>	1

1.14	<ul style="list-style-type: none"> Die artikel handel oor mense wat vir Roydon soos familie is. In die artikel lees ons dat Roydon regtig vir die mense omgee/sy tyd en aandag aan hulle bestee. Hy ken die mense persoonlik./Die mense is nie vir hom vreemdelinge nie./Die mense is deel van sy lewe. Dis die mense van sy omgewing/gemeenskap/die plek waar hy bly. Vir Roydon is die mense in sy gemeenskap "my mense". (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Die mense in die omgewing waar Roydon leef en werk, praat so/verstaan mekaar so. Roydon praat Kaapse Afrikaans. Jongmense praat so/meng hulle taal. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
1.16	<ul style="list-style-type: none"> Ek kan sien hoe lyk Roydon/die persoon oor wie die artikel handel. Ek kan sien hoe oefen die mense by die <i>bootcamp</i>/wat 'n <i>bootcamp</i> is. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1

TEKS B: KAART[Verwerk uit earthstompers.com]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.17	(By) Hermanus/Wildernis	1
1.18	Kaap Agulhas	1
1.19	Oudtshoorn/Wildernis	1
1.20	Oos-Kaap	1
1.21	(Die) Addo (Olifant Nasionale Park)	1
1.22	<ul style="list-style-type: none"> Die kaart wys vir my waar die Tuinroete in Suid-Afrika is. Dit wys waar die verskillende dorpe/plekke op die Tuinroete is. Dit wys wat ek alles op die verskillende plekke kan sien/doen. Ek kan die kaart gebruik om my roete te beplan. Daar is prentjies. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING

NASIEN VAN DIE OPSOMMING

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal (**Let wel:** Sodra die kandidaat enige aanhaling gee, ignoreer ons die eerste kategorie vir taalpunte en beweeg na die tweede kategorie vir woordeliks aangehaal).
 - Puntetotaal: 10
 - **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:** (Indien die kandidaat nie woordeliks aanhaal nie, moet die feit nog sin maak om die punt te verdien.)
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe
 - **Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:** (Direkte aanhaling: 'n sin/deel van 'n sin woord-vir-woord volgens vraestel.)
 - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 4-5 direkte aanhalings: ken maksimum 1 punt vir taal toe
 - 2-3 direkte aanhalings: ken maksimum 2 punte vir taal toe
- Let wel: Vergunning vir hierdie eksamen:**
- Net 1 direkte aanhaling is nie hierbo ingesluit nie. Hanteer dit dus dieselfde as 2-3 direkte aanhalings.
 - Indien die kandidaat net een feit in die hele opsomming reg het en hierdie één feit is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat net één punt vir hierdie feit en géén punte vir taal nie.

LET WEL

Tel van woorde:

- Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde (60) oorskry, lees nog VYF woorde verder en ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie geenaliseer word nie.

VRAAG 2: OPSOMMING

SB DL

TEKS C: HOE OM POSITIEF TE BLY[Verwerk uit [WikiHow.com](https://www.wikihow.com)]

	TEKS	VERWAGTE ANTWOORDE
1.	Jy moet stadig en diep asemhaal wanneer jy voel dat alles te veel raak. Dit sal ekstra suurstof vir jou brein gee om beter te voel en te werk.	Haal stadig en diep asem./Haal stadig/diep asem.
2.	Jy moet elke dag oefen, al stap jy net. Dan sal jy fiks en gesond wees. Dit sal jou sommer beter laat voel.	Oefen/Stap elke dag.
3.	Ons het nie altyd tyd om die mooi dinge om ons te waardeer nie. Jy moet tyd maak om in die natuur te wees. Daar is altyd 'n mooi wolk, boom of voëltjie om na te kyk.	Maak tyd om in die natuur te wees/om na 'n mooi wolk/boom/voëltjie te kyk. (Aanvaar nie sin 3 as direkte aanhaling nie)
4.	Die meeste van ons hou van musiek. Luister na gelukkige en positiewe musiek. Dit sal jou help om beter oor jouself en die situasie te voel.	Jy moet na positiewe/gelukkige musiek luister.
5.	Wanneer jy vir jouself sê dat jy iets nie kan doen nie, gebeur dit gewoonlik so. Deur positief met jouself te praat, sal jy jouself motiveer.	Praat positief met jouself (om jouself te motiveer)./Motiveer jouself.
6.	Alles is nie altyd net sleg nie. Jy moet die goeie mense en dinge in jou lewe waardeer.	Waardeer die goeie mense en dinge in jou lewe./Waardeer die goeie mense/dinge in jou lewe.
7.	Mense het mekaar nodig. Help iemand anders wanneer jy kan. Dit sal jou laat voel dat jy iets beteken.	Jy moet ander help waar jy kan./Help ander (waar jy kan).
	GETAL WOORDE = 178 woorde (± 200 woorde - Disjunktief)	GETAL WOORDE = 42 woorde (60/65 maksimum)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

SB DL

NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

1. Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
 - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepeenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
 - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
2. Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
3. Aanvaar die letter EN/OF die korrekte antwoord wat volledig uitgeskryf is, by 'n meervoudigekeuse-vraag.

VRAAG 3: ADVERTENSIE**TEKS D**[Verwerk uit *Kuier*, 21 Julie 2022]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	Clover	1
3.2	aanmoedig om iets anders te probeer	1
3.3	"Met liefde gemaak" (Geen penalisering indien die woorde NIE tussen aanhalingstekens is NIE)	1
3.4	spelende (sp)	1
3.5	"gladde" (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE) (Waar die kandidaat 'n paar woorde aanhaal, sien slegs die EERSTE woord na.)	1
3.6	goed	1
3.7	negentig/neëntig (sp)	1
3.8.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dit is die adverteerder se eie opinie van die produk. • Nie almal stem saam met die adverteerder nie. • Almal dink nie dit is 'n lekkerte nie. • Nie almal eet/hou van (hierdie) grondboontjebotter nie. • Party mense mag dalk dink ander grondboontjebotter is lekkerder. • Daar is nie 'n bewys nie. • Party mense mag nie grondboontjie(botter) eet nie/is allergies vir grondboontjebotter. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1

3.8.2	<ul style="list-style-type: none"> Hy beklemtoon "nóóit"/"nóóit"/gebruik aksenttekens. Daar is 'n uitroepteken aan die einde van die sin./! Die woorde is in wit geskryf. Die adverteerder gebruik ander/groter letters. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
3.9	B/jy baie daarvan sal eet omdat dit so lekker is.	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT**TEKS E**[Verwerk uit [Pinterest.com](https://www.pinterest.com)]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1.1	"buite" (Geen penalisering indien die woord NIE tussen aanhalingstekens is NIE) (Waar die kandidaat 'n paar woorde aanhaal, sien slegs die EERSTE woord na.)	1
4.1.2	ontevrede	1
4.2	vinnig hardloop	1
4.3	<ul style="list-style-type: none"> Peanuts skop. Peanuts skop 3 (drie) keer/nie net een keer nie/meer as een keer/hou aan skop. Peanuts skop hard teen die deur/maak lawaai. Peanuts probeer Charlie wakker maak. Peanuts probeer by die huis ingaan. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) 	2
4.4.1	Genugtig!	1
4.4.2	<ul style="list-style-type: none"> Charlie is vies/verbaas/kwaad/geïrriteerd/weet nie wat aangaan nie. Charlie het geskrik/is geskok. Charlie kry nie seer/eina nie. Dit was vroeg/nog nie opstaantyd nie. Charlie is deur die slaap/te moeg om op te staan. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
4.5	raas/geraas	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> Charlie sê hy sal (moet) opstaan en gaan kyk. Charlie sê dat hy sal (moet) opstaan en gaan kyk. Charlie sê hy (sal) moet opstaan en gaan kyk. Charlie sê dat hy (sal) moet opstaan en gaan kyk. (Enige EEN) 	1
4.7	B/anders optree as ander honde.	1
		[10]

VRAAG 5.1: LEESTEKS**TEKS F**[Verwerk uit Netwerk24, 3 Mei 2023]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	blikkie (<i>sp</i>)	1
5.1.2	kleure	1
5.1.3	My ma het baie lekker kos daarmee gemaak .	1
5.1.4	met	1
5.1.5	ongelukkig (<i>sp</i>)	1
5.1.6	g (<i>Daar moet geen punt wees nie.</i>)	1
5.1.7	<ul style="list-style-type: none"> • Mense kon dit nie betaal nie. • Mense kon nie dit betaal nie. (<i>Enige EEN</i>)	1
5.1.8	goedkoper (<i>sp</i>)	1
5.1.9	<ul style="list-style-type: none"> • dieselfde/die selle/die selfde • eenders/eners • soortgelyk (<i>Aanvaar fonetiese spelling</i>)	1
5.1.10	win+kels of win/kels of win-kels	1
5.1.11	Dit is deur Rhodes Fruit Group gemaak .	1
5.1.12	hulle	1
5.1.13	Toe hoor ek dat Rhodes Fruit Group dit nie meer maak nie.	1
5.1.14	A/besluit het Bull Brand-boeliebies se tyd is verby.	1

VRAAG 5.2: PRENT**TEKS G**[Verwerk uit [ClipartLibrary](#)]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	kinders (<i>sp</i>)	1
5.2.2	Hulle is besig om te studeer.	1
5.2.3	<ul style="list-style-type: none"> doodstil tjoepstil muisstil grafstil (<i>Enige EEN</i>)	1
5.2.4	<ul style="list-style-type: none"> Tina pak die boeke <u>elke dag</u> <u>netjies</u> <u>op</u> die rakke. Tina pak <u>elke dag</u> die boeke <u>netjies</u> <u>op</u> die rakke. (<i>Enige EEN</i>)	1
5.2.5	<p>Waar sit Bea?</p> <p>(Die 1 punt is vir die korrekte woordorde en die ander punt is vir die vraagteken.)</p>	2
		[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80